



**GEREFORMEERDE KERK
AKASIA**

NEUTEDOPPER

VOLUME 28 NR 22
21 JUNIE 2020



VERJAARSDAE

23/06 Baby Oeschger * (85)	C5	0835235688
24/06 Gary Meyer	A3	0824185795
26/06 Jacques vd Westhuizen	B3	0824374655
Theuns Venter *	A4	0844696127
27/06 Hannetjie Robbertse * (90)	C4	0824252487



Lees: Psalm 85

Kernverse: Ps.85:7,8

Tema: Gebed vir 'n nuwe lewe

1. God se verbondstrou in die verlede
2. Die verbondsvolk se sonde
3. Moeilike omstandighede as gevolg van sonde
5. Gebed vir uitkoms
5. Vertroue in ons Verbondsgod

Sang: Ps.84:1,3; Skr.12-3:1,2; Ps.130:2,3; Ps.128:1,4;
Ps.68:9; Ps.126:1,2,3

MEELEWING

Vir ons almal in die grendeltyd hierdie baie spesiale woorde van Ps.68:9 -

Geloof sy God, met diep ontsag,

want Hy oorlaai ons dag aan dag met ryke seëninge.

Wie sou Hom dan nie dank bewys,

Die God van saligheid nie prys?

**Die God van volle saligheid versterk ons in die dag van stryd
en dra ons deur die lewe.**

**Hy kan en wil en sal in nood, selfs as ons sidder vir die dood,
volkome uitkoms gewee.**

TOETS JOU BYBELKENNIS

1. Waarheen het Jesus en Sy dissipels onmiddellik na die Paasmaaltyd gegaan?
2. Waarheen het Jesus gegaan om Sy eerste dissipels te werf?
3. Naby watter dorp het Jesus na die Hemel opgevaar?
4. Noem die stad waar Jesus die hoofollenaar, Saggeus ontmoet het.
5. Oor watter streek was Pontius Pilatus die goewerneur ten tyde van Jesus se geboorte?
6. Waarheen was Jesus op pad toe Hy die 10 melaatse mans ontmoet het?
7. Watter stuk grond, waarna die profeet Jeremia verwys, is met die 30 muntstukke gekoop wat Judas teruggegee het, nadat hy Jesus verraai het?
8. Na watter eiland is Johannes verban, waar hy die visioen ontvang het wat in die boek Openbaring beskryf word?
9. Noem die dorp waar gelowiges die eerste keer Christene genoem is.
10. Waar het Paulus Akwila en Priscilla, wat hom uit Korinte vergesel het, agtergelaat?

Volgende week verskyn die antwoorde en nóg meer vrae.

[Ken jy vir God persoonlik? Hy wil hê dat jy Hom moet ken. Hy het Sy bestaan in die hemelruim geskryf en Homself in ons mensdom geskryf, sodat jy 'n verhouding met Hom kan hê. Sal jy Hom vandag soek? Dit is so maklik, maak net jou Bybel oop.](#)

'N WOORD VAN BEMOEDIGING van die Bybelgenootskap

Die Bybelgenootskap is opreg dankbaar vir u samewerking en betrokkenheid by die Jaar van die Bybel, terwyl ons ons 200ste bestaansjaar vier. Mag u as kerk die oorvloedige goedheid en guns van God, ondanks die uitdagende tye wat ons tans beleef, ervaar. Die tema van die jaar, die Bybel: Hoop vir almal, blyk nog 'n skerper fokus te hê. Die huidige Covid-19-krisis, nasionale ramptoestand en die staat van inperking het vir baie finansiële bekommernisse en vir sommige tot ernstige swaarkry gelei. Die gevolge sal vir 'n beduidende periode in die toekoms gevoel word.

> Baie besighede sal moontlik hul deure sluit.

> 'n Toename in werkloosheid is onvermydelik.

> Baie mense maak staat op kospakkies weens verlies aan inkomste.

> Geslaggebaseerde geweld neem dramaties toe met algemene wetteloosheid wat op plekke opportunisties woed. Die Bybelgenootskap is bewus daarvan dat baie lidmate kerkleiers in tye soos hierdie nader. Mens sukkel met gevoelens van verlatenheid en wanhoop. In hierdie moeilike tye moet kerkleiers die tweede myl loop om hul lidmate in nood te ondersteun en ook 'n verantwoordelikheid teenoor hul eie gesinne te hê. Alhoewel dit nie altyd in die kollig is nie, reageer kerke op ongelooflike maniere op die behoeftes van hul gemeenskappe. Ons eer u as kerkleier. Die Bybelgenootskap wil u ook in hierdie tyd aanmoedig. Alhoewel dit wil voorkom asof die hele wêreld om ons neerval, herinner Psalm 46 ons daaraan dat ons nog steeds kan vashou aan God se onfeilbare Woord. Moenie bang wees of moedeloos word in hierdie moeilike tye nie, want die Here jou God is altyd by jou - Emmanuel, God met ons. Niks is te groot vir God nie. Daar is geen omstandighede of uitdagings buite God se bereik of beheer nie. Ons vind vrede in die wete dat ons lewens in sy hande is. Dit gee ons die krag om aan die gang te bly en ons uitdagings die hoof te bied. Die Bybelgenootskap eer u as getroue dienaars en waardeer u vennootskap opreg wanneer ons die Jaar van die Bybel vier. Dankie vir u betrokkenheid by Bybelwerk. Wees verseker van ons voortdurende gebede vir u in hierdie moeilike tye. U word opreg waardeer.

Ons land het hoop nodig, en soos ons weet, gaan die boodskap van die Bybel oor lewende hoop. Te midde van die dringende begeerte na 'n boodskap van Hoop, maak die boodskap van God se Woord tesame met die praktiese daad van sorg en welwillendheid wat in soveel kerke oorvloedig is, 'n kragtige kombinasie. Ons sal aanhou om vir u te bid met die wete dat u ook vir ons bid. Ons is steeds daartoe verbind om met u saam te werk in die bediening van hoop.

In gemeenskap met die Woord. *Di DIRK GEVERS MICHAEL ROODT*

SLINGERVEL EN VROUEBLAD

Katkisante en hulle ouers kan nou GRATIS die Slingervel tydskrif vir Mei maand aflaai en die aktiwiteit wat daarin vervat is voltooi. Klik net op:

<http://www.ssplus.co.za/slingervel.html>

Lees solank Jona 1:1-4, 9-12, 17 & Jona 2:1-10 dan praat ons volgende week oor hierdie wonderbaarlike gebeurtenis.

Vir mamas is daar ook gratis leesgenot in die Vroueblad: Klik net op:

<http://mydigitalpublication.co.za/gkvroueblad/mei2020/>

HOE DIE APOSTELS GESTERF HET (Deel 1)

Moontlik herinner die artikel ons daaraan dat ons eie swaarkry en opofferings niks is in vergelyking met die vervolging en wreedheid wat die apostels en evangeliste na Christus se Hemelvaart moes deurmaak nie. Laat ons aan ons broers en susters in Christus dink wat steeds hieronder gebuk gaan en die dood daagliks weens hul geloof in die gesig moet staar.

MATTEUS: Hy was 'n belastinggaarder wat 'n evangelis geword het. In Ethiopië het hy 'n martelaarsdood gesterf toe hy met 'n strydbyl doodgekap is. Hy is onderstebo gekruisig.

SIMON DIE SELOOT: Sy dood is in onduidelikheid gehul. Volgens vroeë vertellings is hy òf in die koninkryk van Iberië (Georgië), òf Samaria, of Persië gekruisig.

PETRUS: Hy is onderstebo gekruisig. Volgens oorlewering het hy dit sò versoek aangesien hy homself onwaardig beskou het om op dieselfde manier as sy Meester te sterf.

FILIPPUS: Hy het as 'n martelaar in die antieke Griekse stad, Hiërapolis, gesterf. Hy is onderstebo aan yster hake opgehang. Sy graf is amptelik in 2011 gevind.

JOHANNES: Hy is in olie gekook, maar het wonderbaarlik aan die dood ontkom. Hy het in vrede gesterf op die eiland Patmos, waar hy die boek Openbaring geskryf het.

JAKOBUS DIE REGVERDIGE: Jesus se broer. Hy het geweier om sy geloof te ontken en is toe by die tempelmuur afgegooi, het oorleef en is met 'n knuppel doodgeslaan.

JUIG! Tydskrif Mei 2020